# Legendariese Helde:

# Noag – Ons is geroep vir meer

**Louis Du Piesanie 30/06/2019**

**Genesis 6: 5-7 (AFR83) "Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, 6 was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief. Die Here het gesê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het."**

## 1. NOAG BOU DIE ARK: DIE MOTIVERENDE KRAG VAN GEHOORSAAMHEID

**1.1.** Drie dinge in Noag se lewe wat die bou van die ark moontlik gemaak het:

- Hy was 'n regverdige man – God het hom geregverdig.
- Hy was 'n opregte man onder sy tydgenote – Hy was heel en het dus uitgestaan in 'n gebroke wêreld.
- Hy het saam met God gewandel – Noag was in 'n korupte wêreld gebore, maar het steeds sy hart vir God oopgemaak.

**Genesis 6:22 (AFR83) "Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het."**

**1.2.** Hoe ons soos Noag moet leef:

- As gevolg van Jesus se genade kan ons ook Sy **geregtigheid** vind. As ons verhouding met God **reg** is sal dit lei tot **regte** aksies in ons lewens.
- Wees **opreg** by die huis, kantoor of enige ander plek waar jy jouself bevind, selfs al is jy die enigste een wat so optree.
- Ons **hart kan oop wees** vir God, selfs al kom ons uit slegte omstandighede.

## 2. NOAG GAAN DIE ARK BINNE: DIE MOTIVERENDE KRAG VAN VERTROUE

**2.1.** Noag het gehoorsaamheid toegepas deur op God te vertrou.
**2.2.** Noag het God genoeg vertrou om die ark binne te gaan al was dit skrikwekkend.
**2.3.** Ons moet ook op God vertrou al gaan dit dalk swaar.

### 3. NOAG OP DIE ARK: DIE MOTIVERENDE KRAG VAN GETROUHEID

**Genesis 8:1 (AFR83) "Toe het God gedink aan Noag en aan al die wilde diere en die mak diere wat by hom in die ark was, en God het 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters het teruggetrek."**

**3.1.** Noag het ten spyte van moeilike tye getrou gebly aan God.
**3.2.** Dit is nie altyd maklik of lekker om getrou te wees nie.
**3.3.** Wanneer dit moeilik raak om getrou te bly moet ons 'n oomblik vat, terug staan en kyk na wat God besig is om deur ons lewens te doen.

### 4. NOAG KLIM UIT DIE ARK: DIE MOTIVERENDE KRAG VAN AANBIDDING

**4.1.** Die eerste ding wat Noag gedoen het toe hy uit die ark uit gekom het, was om 'n offer aan God te maak en Hom te aanbid.
**4.2.** Noag se eerste reaksie was om God te aanbid.
**4.3.** Wanneer nuwe geleenthede oor ons pad kom is ons eerste reaksie gewoonlik vrees eerder as dankbaarheid en aanbidding.

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Wat gaan jou gehoorsaamheid aan God jou motiveer om te doen die week?
2. Wat gaan jou vertroue in God jou motiveer om te doen die week?
3. Wat gaan jou getrouheid teenoor God jou motiveer om te doen die week?
4. In watter area van jou lewe gaan jy kies om God te aanbid eerder as om te vrees?